

# VERHOUDINGS TEL

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Vreugde kom in klein porsies - soos in daardie koffie wat jy saam met 'n vriend drink. Of in 'n onbeplande kuier saam met iemand wat jy onverwags raakloop. **Die lewe gaan oor verhoudings.**

Het jy geweet dat selfs jou brein so ontwerp is dat jy in bykans 'n tiende van 'n sekonde vinniger besluite oor mense neem as oor ander dinge. 'n Onlangse studie het bevind dat wanneer ons rustig rondsit en niksdoen nie, dan is ons brein bes moontlik besig om ons verhoudings van naderby te bekyk.

**Die Here het ons ontwerp om lief te hê. Ons is bedraad vir verhoudings.** Ons is ontwerp om diep gevoelens van medelye en liefde te kan ervaar. Moenie dit vroegjaar loop prysgee en nogeens 'n slaaf van vol programme, vergaderings en aktiwiteite word nie.

**Jou geloof moet verhouding-gedrewe wees, nie taak-gedrewe nie. Jou geloof gaan nie oor al die dinge wat jy vir die Here doen nie, maar oor die verhoudings wat jy bou.**

Dit gaan oor goeie dinge wat jy stilweg doen vir mense met regte name en adresse. **Wees vanjaar daar vir mense naby aan jou.** Wees ook daar vir diegene wat onverwags jou pad kruis. Seën hulle met jou liefde.

**Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Maak vanjaar tyd om verhoudings te bou, om lief te wees vir mense. Vir hulle in jou gesin en familie, vir jou mede-lidmate in die gemeente, selfs vir diegene wat nog nie die Here ken nie, en wat vanjaar jou lewenspad gaan kruis.**

Ds Leon Tait



2014

Wanneer ma of pa 60 word is dit sommer groot feesvieringe. Kinders reël dikwels 'n verrassingspartytjie of bederf ma of pa sommer dik-stukke! Alles net om dankie te sê vir al die wonderlike ervaringe saam en vir al pa of ma se liefdesdade.

Hierdie jaar vier ons ons geestelike moeder- die kerk (Rietfontein-Suid)- se 60 ste verjaardag. Soos een kerkvader gesê het: Wie God as Vader het, het die kerk as moeder. Daarom is 2014 vir ons 'n jubeljaar van dank aan God vir ons geestelike moeder!

*Toe die bouers die fundamente van die tempel van die Here klaar gelê het, het die priesters in ampsdrag reggestaan met trompette, en die Leviëte van die Asafgroep met simbale, om die Here te loof soos koning Dawid van Israel bepaal het. (11) Hulle het die Here begin loof en dank: "Want Hy is goed, aan sy liefde vir...is daar geen einde nie". Esr 3:10-11*

In hierdie verse gaan dit oor die vervulling van 'n droom. Dit gaan oor die tempel wat herbou gaan word. Die tempel is simbool van God se troue liefde en Sy teenwoordigheid. Daarom is die mense by hierdie dankfees dankbaar oor die belofte van 'n nuwe toekoms.

God het Sy belofte van teenwoordigheid deur Jesus en die Heilige Gees reeds vervul. Hy het 60 jaar gelede 'n nuwe gemeente vir Hom tot stand gebring in die Moot nl die NG Gemeente, Rietfontein-Suid. Na 60 jaar kan ons nou Sy troue liefde dankbaar besing! Ons blaas die trompette van lof en dank want God het ons reeds vir 60 jaar gedra en ons 'n seën vir ander gemaak.

Toe Bill Clinton die eerste keer aan die presidentsverkieping deelgeneem het en dit ook gewen het, was die groot geheim vir die oorwinning dat sy party gefokus het op een saak nl die ekonomie. Hulle het 'n treffer-slagspreuk gehad: *It's about the economy, stupid!* 'n Predikant het na aanleiding hiervan vir hom 'n plakker laat maak wat hy op sy lessenaar opgeplak het. Die plakker moes hom help fokus op dit waaroor dit regtig gaan. Op die plakker het gestaan: *It's about God, stupid!* Daarom wil ons hierdie jaar saam met die Psalmidger verklaar: **Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys ( Ps 115:1)**

Dieselfde God van 60 jaar gelede is nog steeds ons God en Hy wat ons tot nou geseën het en 'n seën gemaak het vir ander is steeds met ons besig. Ons kan verseker groot en verrassende dinge van Hom verwag.

Die feit dat ons nog hier is is bewys dat God deur ons nog groot dinge wil doen in die Moot! God se droomplan om deur ons die Moot met Christusliefde aan te raak en die Moot te omskep in 'n plek waar Sy strome van lewende waters vloei, is nog nie afgehandel nie. Hy is nog met ons en die Moot besig!

Mag ons hierdie jaar ervaar hoe God Sy plan verder laat realiseer in en deur ons. Kom ons bly op God gefokus! Kom ons doen dit juigend met dank.

**ds Leon van Heerden**

*Jan 1984-Jan 2014*

*Dankie vir die voorreg van 30 jaar saam met julle in hierdie wonderlike gemeente. Dankie dat jul ons liefhet, verdra en op talle maniere geseën het oor die jare heen. Ons dank God altyd vir julle!  
Mag ons nog in die komende jare saam groei en 'n verskil vir Sy koninkryk maak.  
Jesusliefde,  
Leon en Chrissie*

## !! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **1 - 2 Feb:** 60 Jaar Feesnaweek
- ◆ **2 Feb:** Diens @ 9:00 (Jan de Wet - kinders woon by)
- ◆ **2 & 9 Feb:** "Made to Make a Difference" Reeks @ 18:00
- ◆ **16 & 23 Feb:** Sendingfees
- ◆ **23 Feb:** Beloftediens (Doop)

*Sien jou daar!*



### **TREE CARE / TREE FELLING:**

KONTAK / CONTACT ERNST 083 656 4992  
www.treecarepta.co.za

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

## Die Gemeente wat vir almal omgee!



**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!** Jy sal nie spyt wees nie.

### **VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

### **Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"**

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas / ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema



'n Voëltjie kan in die ergste storm op 'n pieperige takkie sit en sê "Breek maar, ek het vlerke".  
As jy voel of jou takkie breek, onthou,  
**Jesus is jou vlerke**

Herklaas het sy viool op die rak gaan neersit, en wanneer sy vriende kom kuier, het hy trots vir hulle die kosbare Stradivarius gewys. Jare het verby gegaan, en eendag kom 'n vioolkenner daar aan. "Hoeveel is my viool nou werd?" wou hy weet. Die man het meewarig sy kop geskud. Die hopen stof onder die kosbare viool het gewys dat die houtboorders ingetrek het omdat die viool nooit gebruik is nie. Dit was nou waardeloos. Herklaas het hom asvaal geskrik - sou hy ooit nog sy viool kon red?

Met Fanie se viool het dit ietwat anders verloop. Hy was opgewonde om die viool te gebruik, en hy het sommer dadelik die strykstok uitgehaal en oor die snare gestryk. Die ryk klanke van 'n meestersviool het die lug gevul, en Fanie was in ekstase. Maar sy vingers was maar bitter dom. "Ek sal jou leer hoe om dit behoorlik te kan speel," bied Petrus aan, "en boonop kom daar 'n wonderlike handboek saam met die viool - die beste ooit! Dit is geskryf deur violiste oor duisende jare, en dit is geïnspireer deur die grootste meester van alle tye."

Fanie het hard geoefen, en eers was hy te skaam om voor ander te speel, maar toe hy "Hansie slim" kon bemeester, toe speel hy dit vir elkeen wat wou luister. Jare het verby gegaan, en met Petrus se hulp en daardie wonderlike handboek wat hom absoluut alles vertel het van vioolspeel, het hy 'n meester geword. Baie mense het na hom toe gekom en die wens uitgespreek dat hulle ook wou leer viool speel.

### Wie is jy?

Ek glo dat jy nie Gert is nie, want dan sou jy waarskynlik nie eers die dagstukkie wou lees nie.

Daar is egter baie Herklase wat hierdie dagstukkie vanoggend lees. Waarom sê ek so? God het na ons gekom met 'n geskenk - 'n gratis geskenk van die ewige lewe, en daarmee saam kindskap van God en burgerskap van die Koninkryk. 'n Herklaas aanvaar dit met blydschap - dit is die eerste en belangrikste stap. Maar as jy jou geloof nie oefen nie, raak dit na jare se onbruik nutteloos.

My gebed is dat jy 'n Fanie is, en dat jy hard oefen om jou geloof te laat groei en vrug dra. Onthou, ons het die grootste Leermeester van alle tye, die Heilige Gees, om ons te leer. En boonop het ons die Handboek, die Bybel, wat vir ons al die antwoorde gee. Boonop praat die Heilige Gees met ons deur daardie Handboek. Die Here wil graag hê dat ons daardie "geloofs-viool" sal gebruik en nie net vir onself sal speel en tot verheerliking van God nie, maar dat ons vir elkeen wat wil luister sal speel, sodat elkeen wat ons hoor 'n begeerte sal kry om ook te kan saamspeel. En selfs al kan jy nog maar net "Hansie slim" speel - **SPEEL!**

### Gebed:

**Here, baie dankie vir daardie kosbare geskenk wat U vir my gegee het. Ek wil dit graag gebruik tot uitbreiding van U Koninkryk.**

geskryf deur *Louis Nel (NG Kerk Noordkus)*

## IS JY OOK 'N TYD SLAGOFFER?

deur *Milanie Vosloo*

**Doen wat jy moet doen, en bly getrou aan die Here. Wees elke oomblik bly dat jy die Here ken. Hy sal sorg dat jy kry wat jy wil hê. Psalm 37:4**

Ons leef in 'n horlosie-gedrewe-wêreld. Keer op keer betrap ek myself dat ek wêér op my horlosie kyk, te vinnig bestuur, te min tyd het vir belangrike goed en daarom heeltyd gejaagd voel. Wanneer ek 'n tydjie vir stilword het of 'n paar minute van "niksdoen" my beskore is, wonder ek skuldig wat ek eintlik nou in hierdie paar minute kon doen. Dit beteken eenvoudig dat ek toegelaat het dat tyd my baas is. **Ek is 'n slagoffer van 'n té-vinnige-bestaanswêreld. Daarom kom ek nie by die werklik belangrike dinge uit nie en voel ek dikwels onvervuld.**

Voel jy ook soms so?

Kom ons kies, sommer nou hier in die begin van die jaar, téén hierdie té veel inskrywings op ons dagboeklewe sodat ons tyd het vir gewone mênswesdinge: vir tye waarin ons sommer net by ons Vader se voete kan sit, vir tyd om werklik na ons liefhê-mense te luister en vir tyd om dié dinge te doen wat ons harte en siele verryk. Kom ons leef vandag binne die normale spoedgrens van die lewe sodat ons weer kan ervaar wat dit is om wêrklik te lééf!

**Bid dat die Vader aan jou die regte ritme vir die lewe sal leer. Dié ritme waarin jy teen die regte spoed leef en vrede ervaar omdat jy weet dat Hy in beheer is.**

*"Here, verminder my leefspoed  
sodat ek die perfekte balans sal vind  
en U sal verheerlik in die manier waarop  
en tempo waarteen ek leef.  
Amen."*

**Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Selfs al sou jy die wenner van die rotresies wees, bly jy maar net 'n rot! So dis nie die moeite werd om daaraan deel te neem nie. Maak 'n keuse om uit die alledaagse rotresies te klim. Maak tyd vir God, jouself, jou gesin.**

*Ds Leon Tait*

### SENDINGFEES:

16 Feb @ 9:00, Dana kom vertel oor hulle werk onder die Koerde,  
16 Feb @ 18:00, Natasha van Geopende Deure is aan die woord,  
23 Feb @ 9:00, meer inligting oor die sending werk in Laudium,  
23 Feb @ 18:00, Youthbash & Ds Tait vertel van Christene wat martelaarskap deurgaan vir hulle geloof.

## 4 Weke Reeks:

2, 9 Februarie en 2, 9 Maart 2014 om 18:00



### **NUWE INTREKKERS - OKTOBER 2013**



Phillip Gouws

Agna Whitehouse  
Sydney Botha



Baie Welkom aan ons nuwe  
lidmate!

## **Die Geskenk**

**Efesiërs 2:1-10**

Drie broers het alleen gebly op 'n klein plasie naby Machadodorp - die Menschbroers, Fanie, Gert en Herklaas. Goddelose klomp hierdie - gesuip en gevloek dat 'n matroos sou bloos. Boonop was jou eiendom ook nie veilig as die drie in die omgewing was nie.

Een aand sit die drie en stry oor 'n sekere kêrel wat seker iewers in die omgewing moet bly, want hulle sien hom dikwels - Petrus is glo sy naam. Hulle weet nie veel van hom af nie, maar hulle het al baie met hom te doen gekry. Elke keer as hulle in die dorp kom, dan is Petrus maar daar, en hy het al verskeie kere vir hulle gesê dat hy iets het wat hy vir hulle wil gee. Vriendelike kêrel, maar hulle is half bang vir hom. Het hy nie dalk 'n verskuilde agenda nie?

"Ek sê hy is 'n goeie man, en dalk moet ons hom 'n kans gee" voer Fanie dit aan oor Petrus se aanbod. "Nee, ek weet darem nie", huiwer Herklaas. "Ek sê julle reguit - hierdie man is moeilikheid!" betoog Gert.

Op 'n dag kom daar 'n donkiekarretjie aangery in die stowwerige plaaspaadjie af. Die drie broers sit hoeka al op die stoep die affêre en dophou - besoekers kry hulle nie juis dikwels nie. Toe die karretjie 'n entjie van die huis af is merk Fanie op: "Maar dis mos ou Petrus!"

"Wag, ek loop kry my twaalfboor, dan laat weet ons hom sommer dadelik dat hy nie hier welkom is nie. Moeilikheid - dis al wat hy is!" Gert spring sommer op om die daad by die woord te voeg.

"Nee wag broer Gert, kom ons kyk hom uit" paai Fanie.

En so klim Petrus van sy donkiekar af en kom groet vriendelik. Hy voel sommer dadelik die vyandskap aan, maar hy laat niks blyk nie. "Ek het vir julle drie manne vandag 'n offer om te maak", val hy sommer met die deur in die huis, "ek wil vir julle elkeen 'n geskenk gee."

"Moenie iets aanvaar nie!" waarsku Gert, "Daar is 'n vangplek - iewers!"

Petrus tel baie versigtig drie kysies van die wa af. Binne in elkeen is 'n viool. "Stradivarius", verduidelik Petrus, "hulle is baie kosbaar, en hulle het my baie, baie geld gekos. Ek wil dit vir julle gee."

"Teen watter prys?" wil Gert weet, maar dan verduidelik Petrus dat dit 'n geskenk is, en dat dit hulle absoluut niks gaan kos nie. "Nee dankie!" bars Gert uit, "Ek wil daar niks mee te doen hê nie!" en daarmee draai hy om en stap kombuis toe. Maar Fanie en Herklaas het dadelik die waarde van hierdie reuse geskenk raakgesien, en dit met dankbaarheid aanvaar. **>>Na bladsy 6**